



200 jaar

Dorp- en kerkstigting

NGK Somerset-Wes vier 200 jaar

Twintig jaar nadat Jan van Riebeeck die halfwegstasie in 1652 aan die Kaap kom vestig het, is die eerste buitepos reeds aan die oewer van die Tweederivier (later herdoop as die Lourensrivier) gevestig.

In 1700 is die plaas Vergelegen aan Goewerneur Willem Adriaan van der Stel toegeken. Ná sy terugkeer na Holland is die plaas in vier dele onderverdeel en verkoop.

Een deel, vandag nog bekend as Vergelegen, het in 1798 die eiendom geword van M.W. Theunissen. 'n Tweede deel was Lourensford en Erinvale, en die derde die huidige Morgenster en Land-en-Zeezicht.


Ná 'n aantal verskillende eienaars in die 18de eeu het P.H. Morkel in 1807 die eenaar

van Morgenster geword. Die vierde deel was die plaas Cloetenburg.

Die plaas Onverwacht het verskeie eienaars gehad voordat dit in 1718 die eiendom van Philip Morkel, wat in 1709 uit Duitsland in die Kaap aangekom het, geword het. 'n Deel van hierdie plaas, tans bekend as Die Bos, is ná drie eeue steeds ononderbroke in die besit van die Morkels.

Aan die begin van die 19de eeu het 'n behoefte vir 'n eie gemeente in die Helderberg ontstaan.

Vier vooraanstaande boere het die leiding geneem – M.W. Theunissen (Vergelegen) en drie Morkel-broers, kleinseuns van die stamvader, naamlik Philip Hendrik (Morgenster), Willem (Voorburg) en Daniël Johannes (Onverwacht).



'n Ou voorstelling van Vergelegen (links) en moderne foto van Die Bos-plaasopstal met 'n duiwehek in die agtergrond.



'n Onlangse foto van hoe die historiese kerk vandag lyk.



Die orrel in die ou kerk.

Hulle het 'n gedeelte van die plaas Cloetenburg gekoop en toestemming by Lord Charles Somerset, toe goewerneur aan die Kaap, gekry om 'n kerk te bou en erwe te verkoop. 'n Veiling vir 100 erwe is in Julie 1817 rondom die beplande kerkterrein gehou. Lord Charles het toestemming verleen dat die nuwe dorp

“Somerset” genoem word.

'n Mens sou dus kan sê dat ons dorp, Somerset-Wes, reeds 202 jaar oud is!

Die stigtingsdatum vir die gemeente Somerset-Wes word as 10 Augustus 1819 beskou aangesien dit die datum is waarop goewerneur Somerset goedkeuring vir die aanstel van 'n kerkrad gegee het. Die

kerkgebou was toe al voltooi, maar die beplande inwyding in Oktober moes uitgestel word as gevolg van ernstige skade ná 'n besonder swaar reën bui in September.

Die amptelike inwyding is op 13 Februarie 1820 deur ds. Meent Borchards van Stellenbosch waargeneem, en die eerste leraar, ds. Johannes Spyker, is in 1823 van Swellendam af oorgeplaas.

Ds. James Edgar het sy bediening van 18 jaar in Somerset in Januarie 1830 begin. Sy graf, sowel as die grafte van sy Skotse vrou, Elizabeth, en sy tweede vrou, Susanna Malan, lê vandag nog teen die ringmuur om die kerk.

Die kerkgebou is in 1963 deur die destydse RNG tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Dit is 'n paar jaar gelede deur die Nuwe Apostoliese Kerk, wat dit tans gebruik, opgeknep.

● Bronne: *The Story of Hottentots Holland*, Peggy Heap, third edition (1993); *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Somerset-Wes 1819-1969*, H.C. Hopkins (1969).



'n Silwer doopbak met koperstaander is in Augustus 1818 deur Hendrik Cloete sr. geskenk en word steeds gebruik.



'n State-Generale Bybel met die inskrywing “Philip Hendrik Morkel, 13 Feb 1820” (die inwydingsdatum) het behoue gebly.



Baie geluk met julle

200 jaar!

HPI
HELDERBERG PUMP & IRRIGATION

+27 (83) 441 0110
info@hpi-online.co.za

SERVICES

Irrigation systems • Booster pumps
Greywater usage • Filtration
Borehole pumps • Borehole tests
Rainwater harvesting • Water analysis



Baie geluk aan
DIE OMGEEGEMEENTE met die groot
mylpaal van
200 JAAR!

Wat 'n voorreg om saam met die omgee gemeente te kon werk en om 'n baie mooi werkbare fasiliteit te kon skep.

Techno'arch
ARGITEKTE • ARCHITECTS

Vir alle argitektoniese dienste

4 Jonkershoek Road, Stellenbosch
P O Box 12619, Die Boord, 7613
Tel: (087) 807-9896
Cell: (082) 372-5340
E-mail: deon@technoarch.co.za

Techno'arch Argitekthe Architects (Pty) Ltd
Reg no. 2004/006747/07
Members: D Roos, P Fourie

NG Kerk Somerset-Wes



H.J. PROJEKTE
VIR ALLES IN YSTER

HENKIE COOKE

TEL / FAKS: 021 853 1443
SEL: 082 553 2003

hjprodukte@gmail.com

Dit was vir H.J. Projekte 'n groot voorreg en eer om deel te wees van hierdie Gedenk Plaat! Geluk met 200jr van seëninge!